

VOILÀ!
THE FESTIVE SEASON IS HERE
MENLYN
www.menlynpark.co.za



FLIEKS

# Oud-Tukkie wen Emmy vir werk in animasieprent

Deur **Alet Janse Van Rensburg** | **09 Desember 2015 12:34**



Elizabeth Steinberg (37), oud-Tukkie en boorling van Lydenburg in Mpumalanga, het onlangs die Emmy-toekenning vir grafiese ontwerp en kunsregie in 'n dokumentêre program gewen. Foto: Verskaf



1/2

'n Sterk werksetiek, hope verbeelding en 'n klein bietjie geluk het vir 'n Suid-Afrikaanse grafiese kunstenaar 'n gesogte Emmy-toekenning in die sak gebring.

Elizabeth Steinberg (37), 'n oud-Tukkie, het verlede week die toekenning vir beste grafiese ontwerper en kunsregisseur by die Emmy-toekennings vir nuus- en dokumentêre programme in New York ingepalm.

Steinberg, wat in Lydenburg in Mpumalanga grootgeword het en sedert 2006 in die Verenigde State woon, is vir haar werk op 'n dokumentêre program vir National Geographic Wild vereer.

SKAKELS

ALLE REGTE VOORBEHOU © 2015 MEDIA24

: het gewen, het ek gedink hulle het seker 'n fout gemaak," het sy gesê.

"Daar is baie toekennings in my veld, maar nie wat só bekend is nie. Ek kom van 'n klein dorpie af en die Emmys en Oscars het vir my meer oor die mooi rokke op die rooi tapyt gegaan. Natuurlik was ek ook gefassineerd deur die verhoogontwerp en die algehele teaterervaring."

Die 60 minuut lange program waarvoor sy gewen het, getiteld *Future Cat*, is 'n animasieprent wat uitbeeld hoe groot katte op 'n planeet wat rondom hulle verander, aanpas.

Die beelde is geskep deur miniatuur, driedimensionele modelletjies van die katte en hul omgewings te bou.

Steinberg meen haar studies in informasie-ontwerp aan die Universiteit van Pretoria het in haar 'n sterk werksetiek vasgelê wat haar vir die strawwe kompetisie in Hollywood voorberei het. Sy was ook gelukkig om kort ná haar studies 'n pos by 'n voorste animasie-ontwerp-ateljee in Johannesburg te kry.

Vandat sy en haar man, Kendall, besluit het om na Amerika te trek, was hulle nog nie 'n oomblik spyt nie. Sy het sedertdien vryskutwerk vir onder meer die Discovery-kanaal, Disney, Universal Studios en Cartoon Network gedoen.

"Ons het letterlik met vier tasse hier gearriveer en 'n taxi na die middel van Hollywood geneem," het Steinberg uit Los Angeles vertel.

HOOFTREKKE GEWILDSTE

Só staan die rand nou

Kyk: Die top-10 advertensies van 2015

Geesdrif welkom by Sewesreeks, los koelboks tuis

Gr. 1's is nog dol oor skool

Lughawe-pirouettes om die tyd om te




NETWERK24 Stemme

Henry Jeffreys
Rubriekskrywer
Henry Jeffreys is 'n politieke kommentator en voormalige redakteur van Die Burger.



geneem," het Steinberg uit Los Angeles vertel.

"Ons het sedertdien ons eie maatskappy met die naam Martian and Sons gestig waar ons aan onder meer interaktiewe opvoedkundige speletjies en e-boeke vir kinders werk. Ons hoop om die maatskappy uit te bou sodat kinders van oor die wêreld heen en veral in Afrika daarby kan baat."

Steinberg maak 'n punt daarvan om gereeld vir haar ouers en familie in Suid-Afrika te kom kuier.

"My hele familie woon nog daar en ek mis hulle verskriklik. Ek probeer my bes om ten minste elke tweede jaar te kom kuier sodat my seuns al hul oumas en oupas kan sien en die Suid-Afrikaanse kultuur kan beleef. Ek hoop dat ons eendag weer kan terug verhuis, want ek dink Suid-Afrika het geweldig baie potensiaal, veral as dit by tegnologie en ontwerp kom," het sy gesê.

MELD AAN of REGISTREER om kommentaar te lewer. Dit neem net twee minute!

2 Reaksies Netwerk24 Teken in

Recommend Deel Rangskik volgens Nuutste

Sluit aan by die gesprek...

**Marnus van der Merwe** · 3 ure gelede

Baie geluk Elizabeth! Oom Jan en tannie Cobie hulle is seker baie trots!!

Reageer · Deel ›

**Susan Neethling** · 4 ure gelede

Baie Geluk Elizabeth!!!

Reageer · Deel ›

Teken in Voeg Disqus toe tot u webwerf Privaatheid



Henry Jeffreys: Wat het geword van menseregte?

Henry Jeffreys: Tyd dat Nene vir Myeni vasvat

spree KOOP NOU

GESKENKE VIR HAAR



komonskliek DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE



**cowgirl01**
"The 3 C's of a Cowgirl Spirit. CHOICES, CHANCES and CHANGES Make a choice to take a chance and change your life" So

Sien die Profiel



**DutchieL**
Ek is 'n independant, selfonderhoudende jong vrou met 'n passie vir my kind, my familie, my werk en die lewe! :-)

Sien die Profiel



**lizzy240**
ek is one out off a millionek is baie spontaans eerlik , opreg maak vriende waar ek kom hou daar van om saam pelle te kuier.

Sien die Profiel

**Wys Meer**

SOEK